Central University of Technology, Free State

**COMMUNIQUÉ AAN PERSONEEL EN STUDENTE**

# OPVOLG SKRYWE RAKENDE REGISTRASIE & DIE 2021 AKADEMISE JAAR

2021 #3

**Liewe Personeel en Studente**

My communiqué van 15 Maart 2021 verwys.

Bestuur het op 18 Maart 2021 vrugbare vergaderings met die Studenterade (SR'e) op beide die Bloemfontein en Welkom kampusse gehad. Die eise van ons studente en die Suid-Afrikaanse Studente-unie (SASU) is bespreek. Ek het ook die Welkom kampus op 19 Maart 2021 besoek om aandag aan hul kampus-spesifieke eise te skenk. Ons volgehoue dankbaarheid aan beide ons SR'e vir hierdie konstruktiewe samesprekings.
Soos genoem, respekteer SUT Bestuur SASU se beroep op 'n nasionale sluiting van die hoëronderwyssektor. Ten einde ons studente die geleentheid te bied om hierdie nasionale beroep te ondersteun, is daar besluit om die begin van die lesings vanaf Dinsdag, 23 Maart 2021 tot Maandag, 29 Maart 2021 uit te stel. Die volgende is enkele van die uitkomste van die verskeie vergaderings:

- Die Senaat het tydens hul vergadering op 17 Maart 2021 'n gewysigde akademiese kalender vir die 2021 akademiese jaar goedgekeur, wat beteken dat die registrasies tydens die week van 23 tot 26 Maart 2021 verleng sal word, en dat laat-registrasies tot 6 April 2021 toegelaat sal word. Lesings en akademiese aktiwiteite vir alle studente sal op Maandag, 29 Maart 2021 begin. Geen student sal agterweë gelaat word indien hy/sy nie teen die einde van die sperdatum vir laat-registrasie, naamlik 6 April 2021, geregistreer het nie, aangesien *ad hoc* gevalle dienooreenkomstig hanteer sal word.
- Daar sal geen finansiële blok op akademies-verdienstelike senior (terugkerende) studente met 'n gekombineerde huishoudelike inkomste van minder as R600 000 geplaas word nie, en hulle sal toegelaat word om te registreer, ongeag van hul uitstaande studieskuld, op voorwaarde dat hulle die vorm vir die erkenning van skuld teken, en die vereiste dokumente inhandig.
- Daar sal geen finansiële blok op enige eerstejaarstudent, insluitende internasionale eerstejaarstudente, geplaas word nie.
- Minimum aanvanklike paaiemente sal verminder word, en in sommige gevalle nie vereis word nie, afhangende van die huishoudelike inkomstevlak van studente.
- Vir NSFAS-geondersteunde studente (ongeveer 70% van ons studente) sal die 2021 verhoging in fooie deur NSFAS gedra word, en SUT sal studente uit die ontbrekende middel (ongeveer 10% van ons studente) bystaan deur hulle te versoek om vir 'n 0% verhoging aansoek te doen.
- Akademiese uitsluitings op grond van studente se akademiese prestasie in 2020 sal nie op studente toegelê word gedurende die registrasies vir die 2021 akademiese jaar nie.
- Registrasies sal volgens die DHOO-goedgekeurde SUT Inskrywingsplan 2021 tot 2025 bestuur word.
- Studentekoshuise sal tot volle kapasiteit geokkupeer word, op voorwaarde dat gesondheids- en veiligheidsprotokol ten sterkste toegepas word, en alle studente moet die protokol wat in plek is, gehoorsaam.

Bykomend gaan die akkreditering van diensverskaffers van privaat-akkomodasie vir studente voort, en ontvang dringende aandag. Teen Februarie 2020 het sodanigge akkommodasie uit 477 beddens vir die Welkom kampus, en 2 158 beddens vir die Bloemfontein kampus, bestaan. Sedertdien is 'n verdere 649 beddens vir die Welkom kampus, en 1 865 beddens vir die Bloemfontein kampus, geakkrediteer. Dit bring

die totale hoeveelheid beskikbare beddens inSUT-koshuise en geakkrediteerde privaat-akkommodasiefasiliteite vir studente wat nie op kampus geleë is nie, tot 1 373 beddens vir die Welkom kampus, en 4 885 beddens vir die Bloemfontein kampus. Verder is die ontwerp en bou van addisionele koshuise hervat, met 400 beddens wat by die Welkom kampus, en 200 beddens by die Bloemfontein kampus, toegevoeg gaan word.

Polisiewreedheid teenoor mense oor die algemeen, en spesifiek teenoor betogende studente, is sonder twyfel 'n skending van hul menseregte soos vasgelê in die Handves van Regte. In die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, word die volgende gestipuleer: *(10) Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word*; en *(12) Elkeen het die reg om vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare hetsy private oorsprong.* Die SUT Gedragskode vir Studente verleen aan studente die reg om te betoog, en stipuleer die redelike prosedures om tydens betogings te volg, sonder om die regte van ander te skend. Daar moet dus geen plek vir die viktimisering van, en wreedheid teenoor, studente op ons kampusse wees nie. Dit is van uiterste belang dat ander se regte te alle tye deur alle partye in ag geneem word. Alle studente het die reg om te betoog, maar terwyl hulle dit doen, moet hulle nie ander individue se menseregte skend nie, en dit is die universiteit se verantwoordelikheid en reg om studente, personeel en universiteitseiendom te beskerm.

Laastens, Bestuur, in samewerking met die SUT Raad, sal voortgaan om ons studente, insluitende ons eerstejaarstudente, te ondersteun om vir die 2021 akademiese jaar te registreer, en met hul studies te begin. Die begroting om bystand te verleen aan studente oor die algemeen; studente uit die ontbrekende middel; en studente met 'n huishoudelike inkomste van minder as R600 000 wat nie deur NSFAS ondersteun word nie, maar wat kontant betaal, beloop R90 miljoen vir 2021. Verder het die SUT Raad in 2020 goedgekeur dat die "ou" uitstaande skuld van studente wat vir die laaste keer in 2015 en vroeër geregistreer was, ter waarde van R125 miljoen, afgeskryf moet word. Al hierdie toegewings plaas geweldige druk op die universiteit se finansiële posisie. Soos genoem, was die uitstaande skuld by SUT R1.33 miljoen op 31 Desember 2020, wat 'n reuse risiko vir die finansiële volhoubaarheid van die universiteit inhou. Ons sal voortgaan om die regering en ander belanghebbendes te betrek ten einde hierdie saak dringend af te handel.

Ten slotte wil ek om verskoning vra aan ons nuwe eerstejaarstudente, senior studente en al ons hardwerkende personeellede, vir die uitdagings wat ons tydens die registrasieproses ervaar. Ek is oortuig daarvan dat ons nou op dreef is om alle studente toe te laat om te registreer, wat ook die ongeveer 13 000 NSFAS-befondste studente sal help om vir hul toelae te kwalifiseer.

Saam sal ons voortgaan om met alle belanghebbendes saam te werk om 'n vlot begin van die 2021 akademiese jaar te verseker.

Vriendelike groete / Kind regards / Ditumediso tse mofuthu /

**Prof. Henk de Jager**
Visekanselier en Rektor
*(23 Maart 2021)*